

## Erediens op 14 Junie 2020

### Ds. Why Duvenhage

**God is hier teenw. Waar ons ook al is. Ons is in die huis van die Here**

Kom, o Lig, en verlig die duister in my.

Kom, o Lewe, en wek my uit die dood.

***Kom, groot Geneesheer, en heel my wonde.***

***Kom, Vuur en Goddelike liefde, en verteer my sonde...***

***Verwarm my hart met u liefdesvlam.***

***Kom, my Koning, kom sit op die troon van my hart***

***En regeer my lewe.***

***Want U alleen is my Koning en my Heer.***

### ***Skriflesing en prediking (Why)***

Ons lees vanmôre 'n baie bekende gedeelte in die Matteus-evangelie. Dit is ook die gedeelte wat ons gewoonlik gebruik as kernteks vir ons uitreikopleiding. Ons het ook al in die verlede tydens eredienste, baie aandag aan die gedeelte gegee en uit verskillende hoeke daarna gekyk. Die gedeelte onderstreep veral Jesus se fokus op die Koninkryk van God. Dit is baie van pas dat ons vandag vanuit 'n konkryksperspektief na hierdie bekende, sogenaamde uitreik- of sendingpreek van Jesus kyk. Dit is immers die tweede week van Koninkrykstyding in ons kerklike jaarprogram.

Ons lees saam uit **MATTEUS 9:35-37**

<sup>35</sup>Jesus het al die dorpe en klein plekkies besoek. Hy het die mense in hulle sinagoges geleer, die evangelie van die koninkryk verkondig en elke soort siekte en kwaal gesond gemaak.

<sup>36</sup>Toe Hy die menigtes sien, het Hy hulle innig jammer gekry, want hulle was moeg en hulpeloos soos skape wat nie 'n wagter het nie.

<sup>37</sup>Hy sê toe vir sy dissipels: “Die oes is groot, maar die arbeiders min.

### **MATTEUS 10:1-8**

<sup>1</sup>Jesus het sy twaalf dissipels nader geroep en hulle mag gegee om onrein geeste uit te dryf en om elke soort siekte en kwaal gesond te maak. <sup>2</sup>Die name van die twaalf apostels was: in die eerste plek Simon, wat ook Petrus genoem word, en sy broer Andreas;

<sup>3</sup>Jakobus seun van Sebedeus, en sy broer Johannes; Filippus en Bartolomeus; Tomas en Matteus die tollenaar; Jakobus seun van Alfeus, en Taddeus; <sup>4</sup>Simon die Kananeër, en Judas Iskariot wat vir Jesus verraai het.

<sup>5</sup>Jesus het hierdie twaalf uitgestuur en die volgende opdragte aan hulle gegee: “Moenie met 'n pad na die heidennasies toe afdraai nie en moenie in 'n dorp van die Samaritane ingaan nie. <sup>6</sup>Gaan liever na die verlore skape van die volk Israel toe.

<sup>7</sup>Gaan verkondig: ‘Die koninkryk van die hemel het naby gekom.’ <sup>8</sup>Maak siekes gesond, wek dooies op, reinig melaatses en dryf bose geeste uit. Julle het dit verniet ontvang, gee dit ook verniet.

Vriende, hierdie week sou ons begin het met ons jaarlikse winter-uitreike. Alles was baie goed beplan! Die koshuisverblyf-besprekings, die voertuie was gereël, die program, en toe tree grendeltyd in en moes ons op kort

kennisgewing alles kanselleer. Ons neem wel bietjie later al die wonderlike brei-ware van ons breigroep in die gemeente, na onderskeie punte waar ons gewoonlik uitreik. Baie dankie vir elkeen wat daarvoor bygedra het, en wat deur die jaar hard daaraan gewerk het.

Die kansellering van die uitreike was vir ons baie sleg en almal is hartseer en teleurgesteld! Dit is sleg, maar in 'n sin ook goed! Dit gee vir ons die geleentheid om mooi te dink oor ons uitreikproses en geleentheid om dit eerlik te evalueer! Wat ons doen, hoekom ons dit doen, hoe ons dit doen? Wat is die eintlike motivering hiervoor? As ons met hierdie vrae worstel dan kom ons elke keer maar net weer uit by die persoon, die hart en opdrag van Jesus self. "Leef en verkondig dat die Koninkryk van God naby gekom het! Die Koninkryk van God. Dit was die fokuspunt van sy prediking! Dit is wat Hy geillustreer het deur gelykenisse wat Hy vertel het. Dit is wat Hy geleef het. Sy missie op aarde was die koms van die Koninkryk van God en hoe die Koninkryk van God naby aan mense moet kom. So belangrik is dit vir Jesus dat Hy 69 keer in die evangelies daarna verwys.

Maar wat of waar is hierdie koninkryk? Dit is so maklik om daaroor te praat, so maklik om te sê ons is in die Koninkrykstyl. Maar wat beteken dit regtig en hoe raak dit ons vandag nog in ons eie konteks?

Wat het dit vir Jesus beteken? Wat het Hy daarmee bedoel? Hoe het sy dissipels dit verstaan? Gaan dit oor 'n koning op 'n troon wat met mag, prag en praal oor sy onderdane heers?

Jesus maak in hierdie gedeelte die venster oop sodat gesien kan word waaroor hierdie spesifieke koninkryk waaroor Hy praat, eintlik gaan. In aansluiting by die bergpredikasie so enkele hoofstukke terug, wys Jesus

dit is 'n anderster, byna vreemde koninkryk. Dis anders as enige ander aardse koninkryk. Daar heers 'n ander, wêreldvreemde waardesisteem. 'n Ander kultuur. 'n Ander grondwet! Dis nie 'n materialistiese, suksesgeoriënteerde ruimte nie! Daar geld beginsels van sagmoedigheid, van afhanklikheid, broosheid, van treur, van honger en dors na geregtigheid, van omgee en barhartigheid. Dit is die beginsels in die grondwet van God se koninkryk. So vreemd in 'n wêreld wat gedryf word deur krag, mag, oorheersing en arrogansie!

In ons teksgedeelte sien ons Jesus se ernstige beklemtoning van die Koninkryk van God. Wat belangrik is om te sien is hoe die verwysing na God se nuwe, vreemde koninkryk, as't ware hierdie sending- of uitreik opdrag wat ons gelees het, omarm.

Toe Jesus begin uitgaan om mense te bedien, berig Matteus dat Hy die goeie nuus, die evangelie van die Koninkryk gaan verkondig het in die strate, in klein dorpies en in tempels. Hy eindig die gedeelte dan ook af met die opdrag aan sy dissipels, om te gaan verkondig dat die Koninkryk van God naby is. Dit omarm die uitreikopdrag. Die koninkryk van God is die mandaat, die kern, die bron van uitreik oor grense heen na brose mense! Dit is nie net verkondig soos op die hoeke van strate of in geboue te preek nie. Nee, dit is juis om te doen! Jesus verkondig veral dat gebrokenheid, siekte, fisiese ongemak aangespreek en opgelos moet word.

Ons leer so baie van Jesus se koninkrykshart in die gedeelte. Iemand met 'n koninkrykshart, wie 'n verskil wil maak in 'n brose, stukkende wêreld, word deur Jesus as 'n mens wat bereid is om neer te buig, beskryf. Om self op te offer ter wille van mense, sonder noodwendige aansien. Dit

gaan nie oor prag en praal nie. Oor geld, belangrike mense in die mees vooraanstaande stede en plekke nie. Jesus se koninkrykshart neem hom na die klein dorpie en verlate plekkies. Hy haak nie vas in 'n kerkgebou nie. Hy beweeg. Hy is ingestel op mense, alle mense, om die afvlerkvoeltjies te soek en dan soos die barmhartige Samaritaan, te versorg en te verbind. Hy vertel hulle van hierdie wonderlike ruimte waar God teenwoordig is. Die ruimte van hierdie nuwe, vreemde koninkryk waar geregtigheid en liefde die bo-ton vier!

Jesus illustreer ook hier dat 'n koninkrykshart, 'n brose hart is. 'n Hart wat breek oor die seer en broosheid van mense. Sy hart krimp ineen, sy ingewande trek saam (staan dit letterlik in die teks) as hy die menigte sien; broos, moeg, hulpeloos soos skape sonder 'n wagter.

Hy sien hulle raak en gaan nie by verby nie. Hy stop by hulle, praat met hulle en sluit daar by hul nood aan. Hy kyk verby hul status, verby hul sonde. Daar, op die straat gaan sit Hy waarskynlik sommer langs hulle, tussen die vodde waarin hulle leef. Hy gee hulle dalk sop, of iets soos 'n moderne serp. Hy reik sy hand uit en nooi hulle in na hierdie wonderlike koninkryk wat ook vir hulle nader gekom het.

As ek in die koninkryk van God is en die aard en kultuur daarvan verstaan, raak my hart broos vir broosheid, vir mense wat weerloos is, dakloos, kosloos, werkloos, waardigheidsloos, Christusloos.

Jesus stuur mense met brose, koninkryksharte in hierdie wêreld in, om die koninkryk van liefde en geregtigheid gestalte te gee! Hy gee die stokkie oor. Nie net van 'n bepaalde taak wat verrig moet word nie, maar van 'n koninkrykskultuur wat oorgedra moet word.

Ook in 2020 vir sy dissipels in 'n pandemiese wêreld en konteks. Soos min kere van te vore in die geskiedenis is die wêreld stukkend en eintlik baie broos. Die onvermoë van mense om 'n virus hok te slaan wat

honderde, duisende lewens eis met pandemiese gevolge, laat 'n wereldbevolking baie, baie broos. En in hierdie pandemie word sy kerk gedwing om hul posisie, doel en missie te herevalueer.

As kerkdeure vir weke gesluit is en leë kerkbanke stof vergader, wonder die kerk: het ons iewers vir Jesus gemis? Moet ons nie hierdie tyd uitdien om agter te kom waarvoor ons eintlik hier is nie? Moet ons nie miskien meer van formele kerk terugbeweeg na die koninkryksmodel wat Jesus geleer het nie. Dat ons meer sigbare gestalte van die koninkryk wees daar waar duisternis en broosheid heers. Meer van geboue na strate? Meer van preke na lewe? Van kliniese godsdiens na brose harte en dienende hande? Meer van materialisme en arrogansie na eenvoud en broosheid? Meer van missies en nou-en-dan aksies na 'n missionale lewe?

Vriende ons sluit af. Mag God ons lei op die pad vorentoe. 'n Onbekende maar opwindende pad. Mag dit 'n koninkrykspad wees. Mag ons gemeente bekend word as 'n gemeente wat iets van die koninkrik van God verstaan, 'n gemeente met brose harte!

### **Gebed:**

Saam met gevangenes en verworpenes bid ons om vrylating.

Saam met siektes en gewondes bid ons om genesing.

Saam met dié wat vergete is en verlate voel, bid ons om erkenning.

Saam met dié wat honger ly en dié wat vlugteling is,  
bid ons om brood en onderdak.

Saam met verslaafdes bid ons vir oorwinning.

Saam met bedroefdes en treurendes bid ons

vir 'n nuwe lied in die hart.

Amen.